

# Sondag 29 Augustus

Skrifgedeelte: Job 40:1-9, 20 –  
41:2

Fokusgedeelte: Job 40:9 (1983-  
vertaling)

## Ons redding lê by God

Nadat God die eerste keer met Job gepraat het oor sy omstandighede (Job 38 en 39), besef Job dat hy geen verweer teen God het nie en besluit hy om eerder stil te bly (Job 39:37, 38). Hy voel homself nie opgewasse om 'n antwoord te gee op sy swaarkry nie, ten spyte daarvan dat hy nie altyd met God se optrede saamstem nie.

As God die tweede keer met hom praat, gebruik Hy twee wilde diere uit die natuur, wat oënskynlik geen voordeel vir die mens inhou nie, en waarvoor mense moet vlug en bang wees. Job moes leer dat die wêreld nie net om homself en sy eie belange draai nie, en dat God alles nie net ter wille van die mens gemaak het nie. Volgens God het Job dit belangriker geag dat sy eie belange bo God se welbehae moet staan. Maar God kan nie voor 'n aardse regter gedaag word en sy optrede ongeldig verklaar word nie. 'n Mens kan ook nie maar net voorgee en dan nie die vermoë hê om dit uit te voer nie.

Om dit vir Job te verduidelik, gebruik God die voorbeelde van die seekoei en die krokodil. Net soos in die geval van die seekoei wat baie sterk is, is die krokodil nie ons speelmaat nie, en laat hy hom nie sommer deur mense vang nie. Job kan nie homself deur sy eie krag of mag red nie, nie eers teen die wilde diere nie. Ons redding lê nie by onself of ons eie vermoë nie, maar by God wat Jesus Christus na die aarde gestuur het om sy kinders te red, in wie Hy 'n welbehae het (Luk. 2:14). Ons insig kom van die Heilige Gees wat ons in staat stel om God beter te verstaan.

*Sing: Psalm 128-1:1*

*Dr. J Lion-Cachet (Jan) (Klerksdorp)*